

Geloof wat berge kan versit

“Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê. Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see—en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur—hy sal verkry net wat hy sê. Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry” (Mark. 11:22-24).

Inleiding

Die “*Word of Faith*” leraars baseer hulle “*What you confess, is what you will possess*” leerstellings op hierdie skrifgedeelte. Toe ek hulle leerstelling dat ons realiteite deur net ’n woord te spreek, verwerp, het ek ongelukkig die babatjie saam met die badwater uitgegooi deur nie meer aandag aan **Mark 11:22-24** te gee nie. Ek is egter kort-kort met die feit gekonfronteer dat hierdie vers maar net weergee wat Jesus self gesê het en dat dit nie in Sy geaardheid was om mense te mislei nie. Wat het Hy bedoel?

Die moontlike betekenis van Mark 11:22

Voordat die “*sê*” gedeelte van vers 23 beklemtoon kan word soos die “*Name it and claim it*” mense gewoonlik doen, moet daar eers meer noukeurig gekyk word na die moontlike betekenis van die vorige vers, **vers 22**. Die Griekse taalkenners verskil in hoe hierdie vers vertaal moet word. Sommige is van mening dat as die konteks en al die grammatiese feite in aanmerking geneem word, dat in plaas daarvan dat dit vertaal word met “*Julle moet geloof in God hê*” dit eerder as “*Julle moet die geloof van God hê*” vertaal moet word. Die Engels stel dit duideliker, in plaas van : “*have faith in God*” is die ander moontlike vertaling “*Have the faith of God.*”

Daar is verskeie Bybelvertalings wat die betekenis in die subjektiewe modus weergee:

“Have God's faith” – The Bible in Basic English

“Have the kind of trust that comes from God” – The Jewish New Testament

“Have God's faith” – Numeric English New Testament

‘Have faith of God’ – Young’s Literal Translation

“Have the faith of God – Douay Rheims Bible)

“Have the faith of God – Worrell New Testament)

“Literally, ‘Have the faith of God’ ” – Barnes’ Notes on the Bible

“...have faith in God; or “the faith of God”... that is, exercise, and make us e of that faith which has God for its author, which is the work of God, and of his operation, a free grace gift of his...” – Gill’s Exposition of the Entire Bible

2532 και And **611** αποκριθεις responding **3588** Ιησούς Jesus **3004** λέγει says **1473** αυτοίς to

them **2192** ἔχετε Have **4102** πίστιν belief **2316** θεοῦ of God!
(<https://biblehub.com/text/mark/11-22.htm>).

Geloof in God of die Geloof van God?

Die feit dat die taalkundiges in hulle vertalings verskil sê vir ons dat dit moeilik gaan wees om die vraag grammaties te beantwoord. Ek glo dat daar van die algemeen aanvaarde Bybeluitlegbeginsel gebruik gemaak moet word wat sê dat Skrif toegelaat moet word om Skrif te verduidelik d.w.s. onduidelike en dubbelsinnige skrifgedeeltes moet geïnterpreteer en verklaar word in harmonie met ander duidelik verstaanbare verklarings in die Bybel oor dieselfde onderwerp.

Twee soorte geloof: Reddende geloof en die Heilige Gees se Gawe van Geloof

*“Want uit genade is julle **gered, deur die geloof**, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God” (Ef.2:8, Reddende geloof, my beklemtoning).*

*“En wat **die geestelike gawes** betref... aan ‘n ander weer **geloof** deur dieselfde Gees...” (1Kor.12:7-11, Gawe van Geloof, my beklemtoning).*

Die feit dat die Bybel van twee soorte geloof praat, naamlik algemene reddende geloof (**Ef.2:8**) en die gawe van geloof (**1Kor.12:7-12**), ondersteun die gedagte dat **Mark.11:22**, ook in die lig van die besondere uitspraak wat in hierdie skrifgedeelte gemaak word, eerder as “jy moet die geloof van God hê” vertaal moet word. Alle gelowiges besit reddende geloof, maar nie almal ontvang altyd die gawe van geloof waarna in **1 Kor.12:9-11** verwys word nie. Die feit dat die Skrif beskryf hoe gelowiges in sekere situasies bonatuurlike dinge kon doen, soos byvoorbeeld Elia op die berg Karmel (**1 Kon.18**) en Paulus wat die towenaar met blindheid slaan (**Hand.13:11**), getuig van die feit dat dit aan die werking van die Heilige Gees toegeskryf moet word

Hoe verkry ‘n mens die Gawes van die Heilige Gees?

Alhoewel ‘n mens die gawes van die Heilige Gees mag begeer en God daarvoor kan vra, sorteer dit onder Sy soewereine wil en Hy deel dit uit soos Hy wil (**1Kor.12:11, 1Kor.14:1**).

Slotsom

Ek is van mening dat wat Jesus gesê het ten opsigte van om berge te kan versit, net in die lig van die werking van die gawes van die Heilige Gees sin maak.

In reaksie op **Mark.11:22-24** is daar diegene wat, sonder om die kwalifiserende feite in aanmerking te neem, dit te letterlik opneem en omdat hulle voorbarigheid met geloof verwar, loop hulle rond en verklaar dat alles wat hulle “confess” hulle sal “possess!” Aan die anderkant weer is daar diegene wat as gevolg van die radikaliteit van die stelling en miskien ook uit ongeloof, met verskeie soorte verduidelikings probeer sê hoekom hulle dink

dat Jesus nie bedoel het wat Hy gesê het nie.

Ek glo ons moet God vra en vertrou vir die werking van die Gawe van die Heilige Gees om ons in bergagtige probleemsituasies te help.

Nick Maartens

Jeffreysbaai

0827826074

E-pos: nickmaartens@hotmail.com